

Ouer- en kindsportdag
Tag-Rugby
Netbal 2
Mini-Krieket
Klubhuis
Netbal 1
Badkamers
Doel-
kompetisie
Sokker
Ingang
Parkering onderwysers

# Sleutel vir die uitleg

Koffie-stalletjie

Snoepwinkel

Pizza - stalletjie

Gazebo's

Aankondiger

Noodhulp

Tjips - stalletjie

Registrasietafel

# Verloop van die dag:

- Registrasie begin om 07:30.
- 'n Tydgleuf word volgens registrasie aan spanne toegeken.
- Eerste rondte begin om 08:15.
- Elke rondte is ongeveer 30 min. lank.
- Laaste rondte begin om 11:45.

# Algemene reëlings

- Toegang is gratis.
- Spanne bestaan uit 6 spelers, ongeag die aktiwiteit. Die spanne bestaan uit 3 ouers (volwassenes) en 3 kinders van dieselfde ouderdom/graad.
- Spanne is welkom om op 'n kreatiewe manier aan te trek. Indien jy nie vooraf by 'n span betrokke is nie, mag jy enige gemaklike sportdrag dra.

- Spanne kan aan enige hoeveelheid aktiwiteite deelneem.
- Alle aktiwiteite word kaalvoet of met tekkies gespeel. Geen tokse (sokker/rugby) word toegelaat nie.
- Daar sal nie ‘n wenspan per aktiwiteit wees of ‘n wenner vir die dag aangedui word nie.
- Aangepaste reëls sal op die dag vir alle aktiwiteite gevolg word.
- Alle toerusting word deur die skool voorsien. (bv. balle, kolwe en bibs)
- Noodhulp sal beskikbaar wees.
- Daar sal verversings op die dag te koop wees bv. pizza, koffie, tjipstokkies en snoepie.
- Braaidromme en hout sal na afloop van die dag beskikbaar wees vir almal wat iets op die kole wil gooi.
- Bring gerus kampstoele en komberse saam.
- Daar sal geen parkering binne die veld beskikbaar wees nie. Daar is ook beperkte parkering in die strate. Maak asseblief sover moontlik van rygeleenthede gebruik.

**Ons sien uit om die dag saam met almal te spandeer!**